Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 19 September 1951. Prys 3d. Nr. 41

# GROOT TAAK LÊ VIR O.B. VOOR SÊ PROF. VAN ROOY

## *Moontlik In Nuwe Gedaante*

**Die Ossewabrandwag sal voortgaan om te ywer vir die partylose republiek en waar propaganda vir die republiek moeilik binne die party kan geskied, bied die O.B. die ruim geleentheid aan alle republikeine om vir die doel saam te werk. Dit mag selfs nodig wees om die organisasie in 'n bond te omskep, verklaar prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad in onderstaande verklaring. Hy skryf:**

Die Ossewabrandwag „staan voor 'n nuwe begin of voor sy einde. Wat gaan dit wees?

Die O.B. het hy ontstaan te danke gehad aan 'n allesoorweldigende eenheidsdrang by die Afrikanervolk, wat veral tydens die Ossewatrek van 1938 tot openbaring gekom het. Die volk was moeg vir partypolitieke rusies en onenigheid en wou bymekaar bring wat bymekaar hoort in 'n lofwaardige gedagte.

Toe kom die Tweede Wêreldoorlog met sy reperkusies op die nasionale gevoel. Die aanvanklike Duitse oorwinnings het soos in 1914 die hoop en verwagting laat ontstaan dat 'n eie, vrye republiek eindelik aanstaande was. Ongelukkig was daar meer as 'n knypie van die Duitse Nasionalistiese gedagte by: in die bestryding van die reeds ingevoerde vreemde stelsel was die wesenlike gevaar aanwesig dat ons 'n ander vreemde stelsel sou gaan inloods — die een duiwel gaan gebruik om die ander duiwel uit te werp. Van daardie neiging is ons, na ek meen, genees. Nasionaalsosialis te wees pas die Afrikaner net so min as kommunis te word, die een is nes die ander strydig met sy Calvinisties-Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

### ONS VOLKSEIE

Afgesien van enige invloed wat die Nasionaalsosialisme miskien ten kwade uitgeoefen het — en dit was nie net O.B.-lede wat daaraan onderhewig was nie — was daar dan tog ook wel hierdie wens dat dit ons weer ten duidelikste laat besef het dat ons onder vreemde heerskappy en onder 'n volksvreemde staatstelsel verkeer. **Nooit het die magteloosheid van die bestaande partystelsel duideliker aan die lig getree nie en die O.B. het die pleitbesorger geword van 'n partylose republiek, gebaseer op tradisie maar aangepas by moderne omstandighede.**

Hier was nou 'n positief gesonde koers en aanvanklik was alle nasionaalgesindes dit daarmee van harte eens. Spoedig sou egter blyk dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie. In ons stryd teen die partywese was botsing met bestaande partye nasionaalgesind of nie, miskien onvermydelik. Jammer net dat dit so 'n persoonlike en bitsige vorm aangeneem het en dat veral die O.B. dit moes ontgeld. 'n Volk, reeds sat van partytwis, kon die nuwe onenigheid nie uitstaan nie, en toe die ultimatum aan die O.B. gestel word, het baie die beweging bedank en na die partypolitieke vleispotte teruggekeer.

Dit was duidelik dat die O.B. sy ideale vereers nie sou verwesenlik nie. Intussen is sy leier en sy lede van die politieke terrein verban tensy hulle hul organisasie omskep in 'n politieke party, iets wat wel die verste van hul gedagtes was.

### O.B.LEDE EN PARTYE

Die K.G. het, getrou aan die volkseenheidsgedagte, hom direk begin beywer vir 'n eenheidsfront op politieke gebied. Nie alleen het hy O.B.-lede aangemoedig om anti-empire te stem nie, maar hy het met die simpatieke hulp van mnr. Havenga vir lede van die O.B. toegang tot die A.P. verkry. Daar kon die O.B.-lid met behoud van sy O.B.-identiteit sy gewig inwerp aan die nasionaalgesinde kant van die vereers nog partypolitiekgeoriënteerde konstellasie. Nooit egter is daar enige dwang op 'n O.B.-lid uitgeoefen om by die A.P. aan te sluit nie en baie, onder wie selfs sekere Grootraadslede, het verkies om buite te bly. Aan die goeie verhouding tussen O.B.-lede binne en buite die Party het dit nie die minste afbreuk gedoen nie.

Koalisie tussen H.N.P. en A.P. kon die O.B.-A.P.-lede nie afskud nie; sowel mnr. Havenga as dr. Van Rensburg kon met sukses aan die dikwels delikate situasie die hoof bied. Van hierdie ontwikkeling staan die eindfase nou voor die deur: koalisie gaan op 'n samesmelting en die nuwe Nasionale Party sal nolens-volens ook die O.B.-A.P.-lede in sy geledere moet opneem.

Neem ons die periode wat hiermee afgesluit word in oënskou dan kan ons nie anders as die konsekwensie van dr. Van Rensburg se handelwyse bewonder nie. I.p.v. frustrasie wat so maklik die gevolg van die ontmoedigende omstandighede kon gewees het, het hy onmiddellik weer koers gevat na 'n prakties bereikbare doel, soos dit nou van agter gesien blyk te gewees het. En sy optrede het met medewete en goedkeuring van die Grootraad geskied. Die resultaat is dan dat lede van die O.B. in vervolg in die binnekringe van die nuwe Nasionale Party sal verkeer.

### GEMUILBAND?

**Met behoud van hul O.B.-identiteit? Dit is nie so seker nie.** Die te stigte party se konstitusie gaan 'n politieke „gewetensklousule" hê wat vir 'n geniepsige interpretasie vatbaar is. Onmoontlik is dit nie dat 'n O.B.-lid in die nuwe party gemuilband gaan wees. **In elk geval is moeilik in te sien hoe 'n stryd vir 'n partylose staat binne-in 'n party gevoer kan word. 'n Party is nou eenmaal eksklusief — teen groepsvorming word nou al gewaarsku.**

En dan die republikeinse propaganda. Die konstitusie van die nuwe party gaan soos so vele van sy voorgangers 'n artikel oor die republiek hê. **Gaan dit daarby bly, 'n kosbare kleinood**

(vervolg op bladsy 6 kolom 4)

# VISIOEN VAN 1938 BEPAAL O.B. SE KOERS

**Die Ossewabrandwag het 'n visioen gesien in 1938 — die visioen van 'n eie republiek, gegrond op 'n eie stelsel wat verskil van die vreemde, Britse partystelsel, met diepgaande maatskaplike hervormings. Op daardie doel stuur hy eenvoudig af en hy wil nie terugkeer na die partypolitiek waarmee hy innerlik gebreek het nie, het mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier in Kaapland, verlede Saterdag by geleentheid van 'n O.B.-funksie op die plaas van mnr. Koos de Wet, naby Rawsonville, gesê. Mnr. A. du T. Botha (komdt.) het die verrigtinge gelei. Daar was heelwat besoekers uit omliggende kommando's. Mnr. Laubscher het as volg gepraat:**

Terwille van duidelikheid wil ek vooraf sê dat hoewel ons almal praat van die samesmelting van die partye en van die stigting van 'n nuwe party, daar in der waarheid geen nuwe party gestig is nie. Daar is net die ontbinding van die A.P. en die uitbreiding van die H.N.P. onder 'n nuwe naam.

Sowel die kantore en die amptenare van die Afrikanerparty as die party se hele organisasie en organisasiestelsel word tot niet gemaak. Daarenteen word die kantore van die H.N.P. die kantore van die nuwe party; die amptenare van die H.N.P. word die amptenare van die nuwe party; die organisasie van die H.N.P. word die organisasie van die nuwe party; en die organisasiestelsel van die H.N.P. word die organisasiestelsel van die nuwe party.

Die A.P. was 'n uniale party, die H.N.P. is 'n federasie van verskillende provinsiale partye. Die nuwe party sál ook 'n federale party wees.

Die hoofbestuur van die A.P. het verdwyn, maar die Federale Raad van die H.N.P. word die Federale Raad van die nuwe party. Die raad word slegs effe uitgebrei deur die toevoeging van 'n paar oud-lede van die A.P. se hoofbestuur. Die provinsiale hoofrade van die H.N.P. word die provinsiale hoofrade van die nuwe party. Hierdie hoofrade word egter ook effe uitgebrei deur die toevoeging van 'n paar oud-lede van die A.P. se hoofbestuur in die betrokke provinsie.

### PLAASLIKE GROEPE

In die kiesafdelings sal die afdelingsbesture van die A.P. verdwyn, maar die H.N.P. se distriksrade sal bly voortbestaan. Hierdie distriksrade word die distriksrade van die nuwe party. Die rade word ook uitgebrei deur die toevoeging van 'n paar oud-lede van die A.P. in die betrokke kiesafdeling.

Die takke en taksbesture van die A.P. sal ook heeltemal verdwyn terwyl die groepe en die groepleiers van die H.N.P. die groepe en groepleiers van die nuwe party sal word. Wat hierdie groepformasies betref is daar geen voorsiening gemaak vir toevoeging van oud-lede van die A.P. nie. Sodanige A.P.-lede moet maar by die bestaande H.N.P.-groepe wat die groepe van die nuwe party word, aansluit.

Die organisasiestelsel van die A.P. wat dieselfde is as die organisasiestelsel van die ou Nasionale Party wat wyle genl. Hertzog gestig het, sal ook heeltemal verdwyn. Bekende benaminge en begrippe soos hoofbestuur, takbestuur, ens., word in die ban gedoen. In die plek daarvan kom die H.N.P. se nuwe organisasiestelsel—die bekende reorganisasiestelsel wat die party in 1941 ingevoer het as teenwig vir die O.B. se kommandostelsel van organisasie. Oud-lede van die A.P. sal voortaan kennis maak met H.N.P.-skeppinge soos hoofrade, groepe, groepleiers, ens.

### „JUK AFGEGOOI"

Hoewel die meeste van ons maar agter die koerante aan praat van die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. en die stigting van 'n nuwe party is dit tog nie wat gebeur het nie. Wat wel gebeur het is dat die H.N.P. die A.P. ingesluk het. En die H.N.P. het hierdie inslukking bewerkstellig deur slegs een enkele toegewing te maak, en dit ten opsigte van sy naam. Soos dr. Malan dit op sy party se kongres in Oos-Londen uitgedruk het: Die naam Herenigde Nasionale Party of Volksparty is 'n beletsel; en dit is 'n juk op die nek wat afgegooi moet word.

Op geen enkele ander punt het dr. Malan en sy onderleiers hulle ou H.N.P.-standpunt 'n jota of 'n tittel gewysig nie. Die nuwe Nasionale Party is maar die ou H.N.P. wat net sy naam verander het.

**Dit is noodsaaklik vir lede van die O.B om te weet of die ou H.N.P. wat nou die nuwe N.P. gaan word, sy vyandskap teen die O.B. laat vaar het en nou 'n vriend van die O.B. geword het. Want net so min as wat 'n soldaat by die vyand kan aansluit sonder om te hensop net so min kan 'n O.B.-lid by 'n vyandiggesinde politieke party aansluit sonder dat hy hensop.**

### GEEN WOORD VAN VRIENDSKAP

Laat ons derhalwe nagaan of die leiers van die H.N.P. enige aanduiding gegee het dat hulle hul vyandskap teen die O.B. laat vaar. **Die waarheid is dat nie 'n enkele leier of onderleier van die H.N.P. 'n enkele woord van vriendskap teenoor die O.B. uitgespreek het nie. Trouens, daar is nie eers 'n enkele gebaar van welwillendheid teenoor die O.B. gemaak nie.** Daar het hoegenaamd niks gekom van die meesters van die

(vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# HOE VERDER WETENSKAPLIKE VORDER HOE MEER GLO HY AAN GOD

**Die stelling dat 'n wetenskaplike wat ver gevorder het aan God glo, maar dat dit die jong beginners is wat ongelowig is, is vervat in 'n verslag van 'n koerantman, Howard Whitman, nadat hy 'n groot aantal wetenskaplikes ondervra het ten einde vas te stel in hoever godsdiens en wetenskap verenigbaar is met mekaar.**

Die joernalis het alle belangrike laboratoriums in Amerika besoek en onderhoude gehad met vooraanstaande wetenskaplikes. Sy bevinding was dat daar wel twyfelaars en ongelowiges onder die wetenskaplikes is, maar dat die meerderheid gelowig is. 'n Professor in fisika het gesê: **„Wat ons weet is maar net die kleinste brokkie. Sover dit die geheel betref, is ons van geloof afhanklik."**

'n Professor wat hom toelê op die studie van die ontwikkeling van die mens het gesê: „Selfs die wet van toeval veronderstel 'n wet. Wie se wet? **Wat my betref, ek verkies om te glo aan 'n skepper, goddelik en bonatuurlik. Ek kan nie chaos aanvaar nie."**

'n Ingenieur in die Brookhavense staatslaboratorium het verklaar dat hy die bestaan van God wetenskaplik kan verklaar: „Ons kan sien hoe in die suil massa verdwyn en omsit in energie, maar nêrens kan ons by die totaal van massa of energie iets voeg of aftrek nie. **Waar kom massa en energie dan vandaan? Ons het wette gevind wat bewys dat ons dit nie kan maak nie. Tog moet die êrens vandaan kom. Daar moet 'n Hoër mag wees wat dit kan voortbring."**

**Whitman verklaar dat die ouer manne 'n diepe geestelike bewussyn het. „Meeste van hulle het deur die ongelowige stadium gegaan, maar hulle het verder beweeg."** So het een van hulle verklaar:

> „Wanneer ons dink dat ons baie weet, is ons ongelowig. Wanneer ons leer hoe onbeduidend ons kennis is, keer ons terug tot God."

**Dit is die jong mannetjies in die laboratorium wat vol selfversekerdheid sê: „Hoe wonderlik is ek — kyk wat het ek in die atoom gevind!" Die ou man sê: Is God nie wonderlik nie — kyk wat hy Hy in die atoom gesit!"**

# Dr. Van Zyl In Raad Benoem

Dr. F. D. du Toit van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, is so pas deur die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch aangewys as sy verteenwoordiger in die raad van die Universiteit.

DIE O.B., WOENSDAG, 19 SEPTEMBER 1951

# ONS HET DIT TEEN DIE SORTEERMASJIEN

Daar hoef geen hare te waai tussen Afrikaners, en allermins tussen O.B.'s, oor die samesmelting van nasionaalgesindes op partypolitieke gebied nie. Al wat nodig is, is duidelikheid en eerlikheid. Groter Afrikanereenheid op parlementêre gebied, so het die O.B. in die verlede gesê, en sê hy vandag nog, kan groter slaankrag binne die partypolitieke arena aan die Afrikaner besorg, en moet daarom verwelkom word, al beteken dit op sigself nog nie 'n waarborg dat ons ons buitepartypolitieke volksideale sal bereik nie.

Dit sal daarom baie verkeerd wees om aan te neem dat een enkele O.B.-lid, en allermins ons blad, gekant is teen die samesmelting van die nasionale partye. **Maar dit sal net so verkeerd wees om te verwag dat alle O.B.'s nou by die nuwe party moet gaan aansluit as bewys van hul begeerte vir „volkseenheid," en dat weiering om aan te sluit 'n bewys is van hul begeerte vir broedertwis.**

Met hierdie stellings voor oë, kom die vraag dan op waarom Die O.B. kritiek uitgeoefen het op die samesmelting sover dit lidmaatskap van O.B.-lede betref — was ons ontevrede omdat O.B.-lede nie daarbinne onvoorwaardelik toegelaat word nie, met ander woorde, ontevrede omdat ons so graag wou aansluit en daarom veronreg gevoel het?

## VERKEERDE INDRUK

**Hoegenaamd nie. Ons wou in die eerste plaas die indruk wat daar doelbewus geskep word as sou die partystrewe na VOLKSEENHEID beliggaam, en dus die voortbestaan van die Ossewabrandwag oorbodig maak, uit die weg ruim.** Party-eenheid is nog lank nie volkseenheid nie. Volkseenheid beteken nie die saamgooi van 'n meerderheid Afrikaners binne een party in 'n stryd teen 'n meederheid Engelssprekendes in 'n ander party nie. Nog minder beteken dit, soos dr. Malan nou pleit, die saamgooi van Afrikaners en Engelssprekendes in 'n ander party. **Volkseenheid — as dit vir blank Suid-Afrika enige betekenis moet hê — beteken die afskaffing van 'n stelsel van politieke burgeroorlog waarin enige persentasie blanke Suid-Afrikaners hulle in ewigdurende slagorde opstel teenoor die res van hul medeburgers. Dit beteken die afskaffing van die Britse partystelsel wat die een Afrikaner van die ander Afrikaner skei soos 'n sorteermasjien die een appel van die ander skei.**

**As jy alle appels in een kis wil hê, moet jy nie alle appels ewe groot wil kweek nie — jy kan dit nooit reg kry nie — jy moet liewer die sorteermasjien wegneem. En dit is wat die Ossewabrandwag wil doen. Hy wil nie die GEVOLGE van 'n verdelende regeringstelsel probeer verwyder nie, maar die WORTEL van volksverdeeldheid — die sorteermasjien self wat die volk minstens in twee verskillende kiste laat loop: Sy Majesteit se Regering en Sy Majesteit se Opposisie.**

En omdat dit so is, verset die O.B. hom daarteen wanneer daar boonop nog as eis gestel word vir lidmaatskap van die nuwe party dat O.B.-lede hul organisasie moet links laat lê ten einde erkende lede van die politieke party te kan word.

**Ons wil ons organisasie behou omdat dit die enigste doeltreffende manier is om ons idees te propageer en toegepas te kry.**

## HET REG OP OORTUIGING

En as hierdie reg ons toegestaan word, hoef daar geen „getwis" te wees nie. O.B.-lede sal dan in ieder geval hul stem by verkiesings uitbring op diegene wat die naaste aan hulle staan, soos hulle dit in 1940 en 1941 gedoen het. **Maar die O.B. verteenwoordig 'n bepaalde denke en strewe onder ons volk en niemand wat nog van persoonlike vryheid praat, het die reg om hierdie denke en strewe te vertrap as blote broedertwis nie. En niemand het die reg om te verwag dat mense wat in die partypolitiek geen heil meer sien juis by die partypolitiek moet gaan aansluit om hul goeie trou te openbaar nie.**

As vryheid van meningsuiting nog enige betekenis het, verwyt ons dan nie ons oortuigings en ons optrede om ons oortuigings te verkondig nie. Plaas liewer argument teenoor argument. **Toon ons met die redenaarstalent en die logika as wapen — en nie met die veto nie — waarom dit beter is om 'n sorteermasjien in werking te hou wanneer mens alle appels in dieselfde kis wil hê.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Mnr. Havenga Se Posisie*

'n Leser het die volgende kort vragie aan my gestel: „Wat sal mnr. Havenga se posisie in die Verenigde Nasionale Party wees? Ek vra maar."

Dit is darem 'n baie kort vragie en ek is jammer dat ek nie net so 'n kort antwoordjie daarop kan gee nie. Vanselfsprekend is ek nie in staat om 'n gesaghebbende antwoord op die vraag te verstrek nie. Ek sal maar so 'n bietjie oor die saak gesels.

Ek dink dat ek reeds sonder vrees vir teenspraak mag sê dat mnr. Havenga se posisie in die nuwe party nooit dieselfde sal wees as wat dit in die Afrikanerparty was nie. Mnr. Havenga sal my seker nie kwalik neem as ek sê dat hy meer as die leier van die A.P. was—hy was die Afrikanerparty self. Ek het dikwels die uitspraak gehoor: Klasie Havenga is die Afrikanerparty, en die Afrikanerparty is Klasie Havenga.

Ek is egter heeltemal oortuig daarvan dat al word mnr. Havenga ook eendag die leier van die nuwe Nasionale Party hy nooit die verpersoonliking van die nuwe party sal word nie. Mnr. Havenga sal nooit die Nasionale Party wees nie en die Nasionale Party sal nooit mnr. Havenga wees nie. Mnr. Havenga sal altyd 'n gas—miskien 'n welkome gas—maar tog 'n gas, in die Nasionale Party wees.

Ek het die gevoel dat mnr. Havenga vandag in die posisie verkeer van 'n man wat sy huis en sy goed verkoop het met die doel om by vriende te gaan inwoon. Dit sal seker goed gaan met die inwonery solank mnr. Havenga bruikbaar is vir sy vriende. Maar . . . as die dag aanbreek dat sy bruikbaarheid verby is . . . Nou ja, dan sal oom Klasie maar seker finaal „plaas toe" moet gaan.

### *Sy Versekerings Was Waardeloos*

Indien mnr. Havenga se posisie in die nuwe Nasionale Party dieselfde gaan wees as wat dit in die ou H.N.P.-A.P.-koalisie was, dan sal mnr. Havenga maar bloedweinig seggenskap in die nuwe party hê. Lede van die Ossewabrandwag sal ongetwyfeld onthou hoe waardeloos mnr. Havenga se versekerings tydens die koalisie was, in soverre dit gegaan het oor die regte van die O.B.-lede van die Afrikanerparty. Ek herinner my dat mnr. Havenga by verskeie geleenthede plegtig (en ek neem aan in alle eerlikheid) verseker het dat hy nie eersteklas en tweedeklas lede van die Afrikanerparty erken nie. Hy skeer al die lede van sy party oor een kam. Ek weet van baie mense wat groot waarde geheg het aan hierdie versekering van mnr. Havenga. En ek sluit mnr. Havenga by hierdie mense in. Ek dink ek is geregtig om dit te doen.

In 1948 het mnr. Havenga gehandel op sy eie versekering en ook O.B.-lede van sy party aangewys as kandidate vir die Volksraad. Ek kan nie glo dat mnr. Havenga vooraf geweet het dat sodanige A.P.-lede deur sy bondgenootparty as tweedeklas A.P.-lede beskou sal word nie. Maar tog is dit wat gebeur het. Die H.N.P. het geweier om A.P.-kandidate (wat ook O.B.-lede is) te aanvaar as kandidate van die koalisie en hulle by die stembus te ondersteun. Die gevolg was dat mnr. Havenga maar by sy eie versekering verbyseil; die betrokke kandidate moes terugtrek; en eersteklas en tweedeklas lede in sy party moes erken. Mnr. Havenga kon nie die O.B.-lede van sy party en die nie-O.B.-lede van sy party oor dieselfde kam skeer nie. Sy H.N.P.-bondgenoot het dit belet. Dit was alreeds in 1948 die geval.

### *Moes Na H.N.P. Se Pype Dans*

Na die 1948-verkiesing het mnr. Havenga nog meer versekerings gegee oor die gelykwaardigheid van alle lede van die Afrikanerparty. Ek weet van mense wat weer mnr. Havenga se versekerings geglo het. En ek neem aan dat mnr. Havenga ook weer sy eie versekerings geglo het. Want in die provinsialeraadsverkiesings van 1949 het mnr. Havenga weer O.B.-lede van die A.P. staangemaak as kandidate. En weer het die H.N.P. gesê dat die O.B.-lede van die A.P. die tweedeklaslede van die A.P. is en dat hulle geen A.P.-kandidaat wat ook O.B.-lid is, wat derhalwe aan 'n organisasie met 'n politieke strekking behoort sal aanvaar as koalisiekandidaat en hom ondersteun nie. En weer moes mnr. Havenga die kandidate terugtrek en moes hy nog 'n keer, in soverre dit die koalisie betref, eersteklas en tweedeklas A.P.-lede erken.

Hoewel mnr. Havenga in sy eie Afrikanerparty oppermagtig was, het hy in die H.N.P.-A.P.-koalisie maar bloedweinig seggenskap gehad. In die koalisie moes mnr. Havenga na die pype van die H.N.P. dans. Daarom sê ek dat as mnr. Havenga in die nuwe Nasionale Party net soveel seggenskap gaan hê as wat hy in die H.N.P.-A.P.-koalisie gehad het, dan sal hy maar net 'n gas in die nuwe party wees. En ek het geen rede om aan te neem dat mnr. Havenga in die nuwe party meer seggenskap sal hê as in die ou koalisie nie. Inteendeel, uit die aard van die saak meen ek dat hy minder seggenskap sal hê in die nuwe party want daar sal voortaan nie eers meer rekening met hom gehou moet word as die leier van 'n selfstandige bondgenootparty nie.

### *Kolskoot Geskiet*

Ek weet nie waarom my leser gevra het oor die posisie van mnr. Havenga in die nuwe party nie. Maar as hy gevra het om uit te vind watter waarde 'n mens moet heg aan mnr Havenga se versekerings oor die regte van O.B.-lede in die nuwe Nasionale Party, dan het hy myns insiens, 'n kolskoot geskiet. Want al bedoel mnr. Havenga dit ook hoe opreg met die versekerings wat hy aan O.B.-lede gegee het oor hul lidmaatskap van die nuwe party, dan is die nare waarheid dat mnr. Havenga se versekerings niks beteken nie. Dit beteken ongelukkig net so min as wat sy kandidaatstelling van O.B.-lede van sy party in 1948 en weer in 1949 beteken het.

### *Geen Illusies Oor Samesmelting Nie*

Mnr. H. J. Duminy van Heidelberg (Kaap) skryf dat hy „'n baie beskeie woordjie van waarskuwing aan Sybrand wil rig." My leser verkeer waarskynlik onder 'n misverstand oor die kommentaar wat ek 'n paar weke gelede gelewer het op die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. Hy skryf: „Die fout wat u maak is dat in plaas dat u u seën uitspreek op daardie eenwording val u dit aan."

Nee, my leser slaan die bal heeltemal mis. Ek het glad nie die samesmelting aangeval nie. Ek het slegs drie dinge in verband daarmee gesê:

(1) Die samesmelting is in belang van die betrokke politieke partye; (2) Die samesmelting sal nie een van die volk se groot ideale nader aan verwesenliking bring nie en ook nie een van sy groot probleme nader aan oplossing nie; (3) Ek maak my glad nie moeg oor die samesmelting nie.

Ek is bly dat ek my leser kan gerusstel. Ek is nie **kwaad** omdat samesmelting plaasgevind het nie en ek is ook nie **vyandiggesind** teenoor die samesmelting nie. Ek het net geen **illusies** daaromtrent nie. Dis al.

### *Wie Is Die Afrikaner Se Vyand?*

Mnr. Duminy skryf voorts: „Ek het menigmaal al gevoel dat die O.B. die vyand van die Afrikaner uit die oog verloor en besig is met die een artikel op die ander om geskille te soek by sy mede-Afrikaner instede van ooreenkomste. Ek vra u om die stryd teen die vyand aan te knoop en nie teen u mede-Afrikaner nie."

Laat ek nou die vraag stel. Wie is die vyand van die Afrikaner? By die beantwoording van hierdie vraag gaan ons by die fundamentele verskil tussen O.B.-man en partyman kom. Vir die Nat en die Sap is die opposisie-party en politici die vyand van die Afrikaner en dis daarmee uit en gedaan. Die O.B.-man sien nie die vyand van die Afrikaner in mede-Afrikaner of 'n groep mede-Afrikaners nie (afgesien van die party waaraan hulle mag behoort) maar die O.B.-man sien die vyand van die Afrikaner boweal in beskouinge en handelinge wat volkskadelik is.

In die praktyk beteken dit dat die Sap se vyande is die Nasionale Party, dr. Malan, mnr. Havenga, die Broederbond, ens. Die Nat se vyande is die Verenigde Party, die War Veterans, mnr. Strauss, „sailor" Malan, ens. Die O.B.-man daarenteen sien die mede-Afrikaner in al hierdie mense en organisasies raak. Sy vyande is nie dr. Malan, of mnr. Strauss nie. Sy vyande is die partypolitiek wat die volk verdeel; die kapitalisme wat die volk verarm; die imperialisme wat die volk verkneg; die voortdurende gebabbel van die politici wat oorsaak is van die daadloosheid van partyregerings; verkiesingsbeloftes wat nie uitgevoer word nie, ens., ens.

Ek wil aan my leser sê dat die O.B. nooit hierdie vyande van die Afrikaner uit die oog verloor nie. Inteendeel die O.B. hou hulle altyd voor oë.

Insake geskille met mede-Afrikaners wil ek die volgende vraag stel: As 'n mede-Afrikaner sê dat Suid-Afrika „onder enige omstandigheid" in die Britse Statebond moet bly; of hy begin pleit vir 'n „Empire"-republiek; of hy verwerp die beleid van algehele apartheid, ens., wat moet die O.B. dan doen? Moet die O.B. dan maar goedkeurend swyg? Of moet die O.B., as pligsgetroue brandwag van die volk, alarm maak en waarsku teen sodanige afwatering van nasionale ideale? Ek dink die O.B. moet laasgenoemde doen.

### *O.B. Staan Vir Die Partylose Republiek*

Mnr. Duminy skryf: „Die doel en strewe van die O.B. was vir eenheid—om diegene wat bymekaar hoort bymekaar te bring. Alle nasionaalvoelende partye. Ons het daarin geslaag. Maar die skeuring het gekom, wat ons almal betreur. Laat ons nugter wees en nie die een of ander

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# OORWINNAARS SAAI HAAT MET TWEE MATE

**Wie immer 'n nuwe vorming of her-opvoeding van siel en gees wil beoefen, kan nie van die krag van die liefde afstand doen nie. As 'n mens die kostelike blom van die lewe ontblaar sien hy hoe die reuk, die liefde ontvlug. Daardie liefde is die enigste wapen teen die haat.**

**Toe die Geallieerdes as oorwinnaars die Duitse dorpe en stede binne gemarsjeer het, het elke Duitser geglo dat die oorwinnaars onafhanklike geregshowe en internasionale regters sou aanstel om onbevooroordeeld die reg te spreek waar nodig. Maar dit het heeltemal anders gebeur.**

**Die oorwinnaars het wel geregshowe geskep maar nie onafhanklikes nie. Hulle het regters benoem, maar nie regters van internasionale reputasie nie. Hulle vooraanstaande regters was Jode en veral Duitse Jode wat vol haat teenoor die Duitse volk was.**

**Die oorwinnaars was aanklaer en regter tegelyk. Hulle skep nuwe wette. Alleen hulle het die reg om te sê wie 'n misdadiger is of nie. Hulle skep die tesis: Die hele Duitse volk is skuldig.**

Ek betreur die houding van die oorwinnaar wat in sy haat teen die Duitse volk net soos 'n Berserker woed. En ek voel jammer vir die wêreld, want haat baar weer haat.

Daar is sedert jare honderde van Duitse offisiere en manskappe in die tronke van Frankryk, België, Holland en Duitsland wat aangekla is dat hulle bevele gegee het of uitgevoer het om ongeoorloofde vegters of partisane van die betrokke lande te skiet of doodgeskiet het.

### SOEK BEWYSE

Sedert jare soek die Franse, Belgiese en Hollandse regters na bewyse en na 'n sesjarige soektog het hulle nog nie bewyse genoeg om met die sake

## Deur Ski

aan te gaan nie. In die ses jaar het die Duitse gevangenis nie alleen senuweeagtig geword nie, maar ook siek na siel en liggaam, en nogtans word hulle gevange gehou.

In 1945 het die oorwinnaars 'n nuwe internasionale wet gemaak om oorlogsmisdadigers te straf. Eienaardig genoeg is die wet net teen Duitsers toegepas en nie teen die Amerikaanse, Engelse en Franse oorlogsmisdadigers nie.

Onder die oorwinnaars het dit op die oomblik 'n reël geword dat die een die ander as 'n oorlogsmisdadiger beskuldig.

### BRITSE OORLOGSMISDADIGERS

So vertel die Amerikaanse generaal Clark ons dat hy nie gewillig was om die kunshistoriese klooster van Monte Casino te verpletter nie, aangesien die Amerikaanse generale staf geweet het dat daar nie een Duitse soldaat in die klooster was nie. Maar generaal Fryberg, die hoof van die Nu-Seelandse leër het daarop aangedring dat die klooster verpletter moet word en so is dit ook op die spesiale versoek van Fryberg gedoen.

Niemand in die hele wêreld waag dit om generaal Fryberg aan te kla en voor 'n krygshof te bring nie.

Die verantwoordelike generaal van die R.A.F. behoort voor die geregshof gedaag te word vir die bevel wat hy gegee het om die kunshistoriese stad, Dresden te bombardeer waarby 200,000 mense, meesal vrouens en kinders gedood is.

Die teëstand van die Duitse leër in 1945, was lankal gebreek toe die verantwoordelike offisier van die Engelse R.A.F. die bevel gegee het om Dresden te bombardeer. Sy amptelike berig lui:—Ons het die spoorweg van Dresden en sy aansluitings gebombardeer.

**Wat is die waarheid van die amptelike berig?**

Die waarheid is dat die R.A.F. nie die spoorweg gebombardeer het nie, maar wel die woonbuurte van Dresden. Die mense het uit die brandende huise na die openlike veiligheidsplekke geloop. Dié plekke was met groot, vërsigbare, internasionale rooi kruise voorsien. Die Engelse R.A.F. het die plekke onder die bomme gesteek.

### MASSA-SLAGTING

**Veertigduisend mense is op die plek gedood en 160,000 is later aan beserings in hospitale en onder die ruïnes dood omdat daar nie genoeg medici en hulpmiddele vir so baie gewondes was nie. Daar was nie genoeg mense om die wat onder die ruïnes begrawe was uit te grawe nie. Nog vandag, ses jaar na die oorlog, steek daar nog beendere van mense uit onder die murasie van Dresden.**

Verantwoordelik vir die massamoord van Dresden is onderlugmaarskalk Harris, bekend onder die naam Bomber-Harris.

**Selfs Engelse mense het vir Shawcross, die Engelse Prokureur-generaal, gevra waarom hy nie 'n aanklag teen Bomber-Harris maak nie?**

Die Duitse generaal Kesselring is in Italië deur 'n Engelse militêre hof tot die dood veroordeel omdat hy 'n bevel gegee het dat partisane wat met wapens in die hand aangetref word, krygswetlik doodgeskiet moes word. **Maar hy het die bevel gegee nadat Maarskalk Badoglio die Italiaanse bevolking opgestook het om partisane-kommando's te vorm en met wapengeweld teen die Duitsers voort te gaan. Die bevel van Badoglio lui woordeliks:**

**„. . . val aan Duitse kommando's en klein militêre sentrums; maak die Duitsers van agter af dood sodat hulle hulle nie kan verdedig nie en julle meer en meer Duitsers kan dood maak . . . "**

Die wêreld het nie gehoor dat generaal Badoglio as oorlogsmisdadiger aangekla is en voor 'n krygshof verskyn het nie.

### VOORBEELDE

Nadat die Russe die Duitse stad Soldin beset het is 'n Russiese offisier gedood. Die Russe het 120 gyselaars gearresteer en doodgeskiet.

(Verklaring onder eed voor die magistraat van Eikernförde):

In Annecy - SaccongES in Frankryk, waar Duitse gevangenes in kampe byeengebring was, het die partisane onder bevel van kaptein Barrelet de Ricand 40 Duitse krygsgevangenes uitgesoek en doodgeskiet. Die gevangenes het toe hulle gehoor het dat hulle doodgeskiet sou word, die Franse kommandant gevra om hulle voor 'n krygshof te bring want hulle wou graag weet waarom hulle doodgeskiet moet word. Die versoek is geweier. **Die partisane het so sleg geskiet dat feitlik elke Duitser eers gewond is en dan deur 'n genadeskoot gedood is.** Die priesters in die kamp was verbied om die oorsaak van die dood in die internasionale sterfsertifikaat van die Rooikruis te skryf. Later het in die vorm as oorsaak „ongeluk" verskyn:

(As getuies: die gevangenes van die kamp en die predikant, Walter Hochstatter uit die dorp Diebach. Hochstatter het die 40 mense op die weg na die teregstellingsplekke troos toegespreek en was by die teregstelling aanwesig).

### NÁ DIE OORLOG

In Donaueschingen is vyf maande na die oorlog twee Duitse krygsgevangenes deur Franse soldate uit 'n transporttrein gehaal, op 'n weiveld gebring, daar gedwing om die knie te buig en doodgeskiet.

(Verklaring onder eed deur die burgemeester van Donaueschingen)

Die dorp Lippach in Duitsland is op 24 April 1945 deur Amerikaanse Negersoldate verower. Twee Duitse soldate wat in die dorp gevangene geneem is, is in die skuur van die boer, Ladenburger gebring **en op die tafel van 'n boogsaag gelê om in stukke gesny te word,** maar die motor het nie gewerk nie. Daarop het die negers met 'n masjienpistool op die gevangenes gevuur. Die liggame is deur die negers in die veld gegooi. 'n Duitse vrou het soontoe gegaan en die twee gelaaf en verbind maar een soldaat het gesterf; die ander een lewe. Die kerkdienaar, Opphold van dieselfde dorp het gesien hoe 6 Duitse soldate gevange geneem is. Die Amerikaanse negers het die 6 manne geplunder, agter 'n kerkhofmuur geneem en daar geslaan en doodgeskiet.

(Protokoll van die magistraat Ellwangen).

### SOLDATE AS GYSELAARS

In Markdorf in Duitsland het 'n skietery plaasgevind en twee Franse soldate is gewond. Die kommandant van die Franse troepe eis 10 gyselaars wat doodgeskiet moes word. Maar in plaas van die 10 gyselaars is 4 soldate wat onder weg was huis toe in hegtenis geneem en agter 'n kerk deur 'n vuurpeleton doodgeskiet. **Oor die vier lyke het die Franse 'n kelderdeur opgerig waaraan die een Duitse soldaat gekruisig is sodat gruwelike verwondings aan sy liggaam ten toon gestel is.**

(Protokol van die burgemeester van Markdorf).

Nadat die dorp Treseburg deur Amerikaanse troepe beset (vervolg op bladsy 5 kolom 3)

# Van die Os op die Esel

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

daarvoor beskuldig nie — maar vergeet en met eenheidstrewe voor die dag kom.

„Juis nou waar samesmelting gekom het van die twee nasionaalvoelende partye wil ek 'n beroep doen, nie alleen op lede van die O.B. nie, maar ook op Sybrand om sy volle gewig by daardie groot party in te werp. Dan sal ons 'n stap nader wees aan die republiek."

Hoe praat my leser dan nou? Verlang hy regtig dat Sybrand en ander O.B.-lede by 'n politieke party en boonop by 'n vyandiggesinde politieke party moet aansluit? Nee, dit sal nie gaan nie. Trouens dit behoort darem duidelik te wees dat Sybrand en ander O.B.-lede hoegenaamd nie die partylose republikeine buitekant die Britse Statebond 'n stap nader sal bring deur by dr. Malan en mnr. Havenga se nuwe politieke party aan te sluit nie. Inteendeel. My leser moet onthou dat ons volk sy eenheid slegs in 'n volksbeweging sal vind en nie in 'n politieke party nie — ook nie in twee politieke partye nie. As die O.B. se dat volkseenheid deur samesmelting van partye bereik kan word en dat die republiek deur so 'n samesmelting verkry sal word, dan sal die O.B. die volk mislei.

### *Hulle Is Nie Republikeine Nie*

Voortgaande stel my leser sekere teenvrae aan my na aanleiding van my lys van vrae en antwoorde. Insake volkseenheid vra hy: „Is u nie besig om te verdeel nie en sodoende 'n bondgenoot te wees van diegene wat u behoort te beveg nie." Natuurlik nie. Hoe kan ek verdeel as ek die partypolitiek, wat die bron van alle verdeeldheid is, wil uitroei?

Insake die republiek skryf hy: „U sê die twee partyleiers is geen republikeine nie. Dis ver van die waarheid af en bring u lesers onder 'n valse indruk en u hou wat saamhoort uitmekaar." Dis my leser wat onder 'n valse indruk verkeer as hy dink dat die twee partyleiers republikeine is. Hy kan gerus hul beleidstoesprake in Hansard oplees, dan sal sy oë oopgaan.

### *Vurige Voorstander van Algehele Apartheid*

Insake apartheid skryf hy: „U is teen die apartheidsbeleid van die regering. Kommentaar daarop is onnodig. U is 'n uitgesproke bondgenoot van diegene wat die apartheidsbeleid van die regering beveg. En dit sluit al die onnasionaalvoelende groepe in."

Nee, alla wêreld! My leser se gevolgtrekkings is darem verregaande . . . geheel en al verkeerd. Ek het gesê dat die blanke beskawing nie beveilig kan word as die noodsaaklike voorwaarde daarvoor, nl. die beleid van algehele skeiding verwerp word nie. En ek het gesê dat die blanke heerskappy op die duur vernietig sal word as die beleid van die ekonomiese integrasie van die nie-blanke in die blanke huishouding aanvaar word. En ek sê dit weer, want dit is onomstootlik die waarheid. Dit sal misleiding wees om iets anders te beweer.

Ek is nie teen apartheid nie. Liewe deug ek is 'n vurige voorstander van algehele apartheid. Ek kritiseer en waarsku teen die ondoeltreffende lap-apartheidsbeleid van die regering wat hoegenaamd nie by die wortel van die oplossing kom nie.

Ten slotte skryf my leser: „Ek kan maar net vir u en u lesers die vraag stel, wat is die doel van sulke artikels anders as om nasionale Afrikaners uitmekaar te hou?" Die doel is om te verhoed dat Afrikaners in 'n gekke-paradys woon. Ek wil nie hê dat Afrikaners die skyn van partyeenheid moet aansien vir die werklikheid van ideaal-verwesenliking nie.



Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret




61-306ᵉ AF

# Haat Teen Afrikaners Neem Toe in Rhodesië

## *Werk van Sons of England?*

**Die Sons of England-organisasie was die afgelope week weereens in die nuus na aanleiding van dr. Malan se verklaring in Bloemfontein dat hy 'n ondersoek na die Broederbond sal verwelkom indien die Sons of England ook ondersoek sal word deur dieselfde parlementêre kommissie. Dr. Malan het na die Sons verwys at haataanblasers teen Afrikaners. Hulle was verantwoordelik vir 'n pamflet in Rhodesië waarin teen die Afrikaners gewaarsku word.**

Daar bestaan geen twyfel nie dat hierdie Britse organisasie veral in Rhodesië 'n veldtog teen Afrikaners voer. Die gevolge daarvan is reeds waarneembaar in die vyandige houding teenoor Afrikaners wat hul taal praat, soos 'n paar weke gelede in Die Volksgenoot gepubliseer. In sy jongste uitgawe kom die blad weereens op hierdie miskenning van Afrikaans terug, na aanleiding van persreaksies op sy berig. Hy skryf:

Nadat die berig van ons hoofartikel in die Cape Times verskyn het, het 'n skrywer daarop gereageer en die vyandige houding van Engelssprekendes teenoor Afrikaners en Afrikaans gekritiseer. In 'n voetnota onderaan die brief sê die Cape Times o.m. dat Die Volksgenoot nie byvoeg of hy sy feite inderdaad kan staaf nie. Die Cape Times beweer ook dat Die Volksgenoot net soos wat in die Unie gedoen word, dinge mag oordryf om sodoende valse griewe te skep. Ons weet nie watter joernalistieke metodes deur die Cape Times gevolg word nie, maar ons wil hom verseker dat Die Volksgenoot nie 'n klomp onsin uit sy duim suig en dan wil voorgee dat dit feite is nie. Wat ons in daardie hoofartikel gesê het, het geen verdere stawing nodig nie. Dit is feite.

Betreffende die suggestie dat Die Volksgenoot van oordrewe propaganda gebruik mag maak, kan ons meedeel dat voorvalle soos dié wat ons aangehaal het, alreeds die afgelope twee jaar plaasvind en tog het Die Volksgenoot nog nooit tevore enige kommentaar gelewer nie omdat ons juis daarteen waak om nie individuele voorvalle aan te gryp en dit dan te veralgemeen nie. **In die jongste tyd kry ons egter soveel getuienis van diskriminerende optrede dat ons dit as noodsaaklik beskou het om die erns van die saak onder die aandag van Rhodesiërs te bring.**

### VOETBALVELD

Sedert ons uitgawe van 23 Augustus verskyn het, het nog meer van daardie voorvalle onder ons aandag gekom. Dit is onses insiens nog erger as enigeen van dié wat reeds genoem is omdat rassehaat selfs deur sommige Engelssprekende Rhodesiers op die sportveld ingesleep word. Die Volksgenoot het uit betroubare bron verneem dat die sportklub in die Rhodesiese voorsitter van 'n vooraanstaande hoofstad die rugbyspelers onlangs bymekaar geroep het en gekla het dat daar te veel Afrikaans op die veld gepraat word. **Hy het daaraan toegevoeg dat daar in die toekoms geen Afrikaans op die rugbyveld gebesig mag word nie.** Is dit nou regverdig teenoor die Afrikaanssprekende lede van hierdie sportklub wat nie minder as sewe Afrikaanssprekendes in die eerste liga het nie? Is dit nie verregaande van die outoriteite om te eis dat die Afrikaanssprekende rugbyspeler in Rhodesië met sy mede-Afrikaanssprekende spanmaat altyd Engels moet praat nie? En wat noem die Cape Times miskien hierdie optrede? Is dit ook oordrewe propaganda om valse griewe te skep?

### TWEETALIG

Wat die briefskrywers betref, het dit presies uitgeloop soos ons verwag het en waarteen ons reeds gewaarsku het. Ons het tog uitdruklik gesê dat sommige Britte aanstoot neem wanneer Afrikaners met mekaar Afrikaans praat. Daar was geen sprake van Afrikaners wat Engelse in Afrikaans aanspreek nie. Dit word baie selde gedoen aangesien byna honderd persent van die Afrikaners in Suid-Rhodesië volkome tweetalig is en boonop nie aanstoot wil gee nie. Die briefskrywers sleep nou die kwessie van erkenning van Afrikaans as tweede amptelike taal aan die hare by en vaar uit teen Afrikaners wat van die Suide na Rhodesië verhuis. Hulle beweer verder dat hierdie Afrikaners weier om Engels te praat. Dit is niks minder as onsin nie. Die bewering as sou Afrikaners weier om Engels te praat, is 'n growwe onwaarheid. Die briefskrywers praat van onhoflikheid, maar hulle kan by die Rhodesiese Afrikaners kom leer wat is hoflikheid. As daar tien Afrikaners in 'n geselskap sit en een Engelssprekende sluit by hulle aan, dan word daar onmiddellik oorgegaan na Engels sodat die eentalige vriend nie ontuis hoef te voel nie.

### NATURELLE

Die Volksgenoot het ook al hoeveel kere gesê dat die Afrikanergemeenskap nog nooit die erkenning van Afrikaans as tweede amptelike taal gevra het nie en ook nie die voorneme het om dit te doen nie. Engelssprekendes wil graag 'n stok hê om mee te slaan en dan kom hulle altyd met die bogstorie dat ons Afrikaans as tweede amptelike taal wil hê. Ons sal hierdie stok nie vir hulle in die hand gee nie.

**Een van die briefskrywers verwys na die naturel en voeg by dat hulle deur die Engelssprekendes erken word as die eerste bewoners van die land en gevolglik geniet naturelletale semi-amptelike status.** Die Volksgenoot sal graag wil weet wat hierdie briefskrywer se idee is omtrent die bydrae van die Afrikaner in Rhodesië. Hy kan gerus die moeite doen om die historiese feite te gaan naspoor en ons is seker dat hy tot lig sal kom.

Ons wil weer herhaal dat dit te betreur is dat hierdie vyandige houding teen die Afrikaanssprekende Rhodesiërs toeneem. Van die sogenaamde Britse „fairplay" ondervind die Afrikaanssprekende Rhodesiër maar weinig. Hy is goed en gaaf solank hy honderd persent Brits is, maar sodra hy nog steeds, as goeie Rhodesiër, Afrikaner wil wees, kry hy van sommige Britte net veragting en vernedering.

## VRIENDSKAP MET ROOIES BRITSE BELEID

**Brittanje hoop nog steeds dat Rusland vir vrede oorgehaal kan word, volgens 'n verklaring van Herbert Morrison, Britse minister van buitelandse sake. Hy het erken dat Brittanje nog staan vir die erkenning van kommunistiese Sjina en vir handeldrywe met die kommunistiese stateblok. Brittanje erken feite, het hy gesê.**

## DR. MALAN MOET IN OPENBAAR O.B.-LEDE VERSEKER

**Mnr. H. L. Neethling, (Hoofgenl.), Tuinplaats, Transvaal, skryf:**

Andermaal is bewys dat dit nie die Afrikanervolk is wat weier om wat bymekaar hoort bymekaar te bring nie, maar dat dit in die hande van die leiers is.

As bewys dien die feit dat die twee leiers, nl. mnr. Havenga en dr. Malan besluit het dat ons bymekaar sal wees en ons is gewillig met net een voorbehoud, nl. dat die bymekaarkom nie vernederend sal wees vir 'n aansienlike deel van die volk nie. Die skitterende oorwinning in Groblersdal is al weer bewys wat met saamstaan vermag kan word.

Dit hang nou verder van dr. Malan af of ons bymekaar gaan kom al dan nie.

Die verklaring wat oom Klasie gemaak het word deur ons almal verwelkom, nl. dat die diskriminasieklousule in die partykonstitusie nie van toepassing op die O.B. is nie. Maar toe dr. Malan die verbanning van ons O.B.'s uit die H.N.P. verkondig het was dit publiek gedaan en ek dink dit is niks meer as billik dat verwag sal word dat hy nou, terwyl hy, volgens oom Klasie se verklaring, toegestem het dat die diskriminasieklousule nie van toepassing op die O.B. is nie, dit ook publiek sal doen. Ons is nie 'n politieke party nie en hy aanvaar dit seker nou, want anders

**Soos Ons Lesers Dit Sien**

kon hy immers nie daardie belofte aan oom Klasie gedoen het nie.

Die doel en strewe van die O.B. was van begin af om die Afrikanervolk bymekaar te kry en ons was in der waarheid ook bymekaar totdat die leiers, of sal ek liewer sê die leiers van die H.N.P., besluit het dat ons 'n politieke party is, wat ons nie is nie. Alleen gekke sal verwag dat 'n mens aan twee politieke partye sal kan behoort.

Die Nasionale Partykonstitusie verkondig self dat ons na 'n republiek moet streef. Trouens min. Strydom is, volgens sy uitlatings, nog met hart en siel republikein en ook nie vir 'n statebondsrepubliek nie, en dit is wat die O.B. voor staan. Dit kan ons voor staan as lede van die Nasionale Party. Die Broederbond is nog 'n organisasie wat tog mag voort bly bestaan almal lede van die Nasionale Party. O.B.'s is ook met Nasionaliste, nog erger miskien, ons is fanaties nasionaal.

Laat dr. Malan nou vir ons toon dat dit by hom erns is om die volk bymekaar te kry. Volgens hom het hy immers die preekstoel verlaat om die volk bymekaar te kry — iemand vir wie die bymekaar kom dus erns moet wees.


**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is u man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar**, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### *Intekenvorm*

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................***

***....................vir die eerste....................maande.***

***NAAM.............................................***

**(Naam en Adres in Blokletters)**

***POSADRES.........................................***

***.................................................***

***.................................................***

***.................................................***

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# BRITTANJE RY OP RUG VAN STATEBOND

## Ekonomiese Bande Steeds Stewiger

**„Brittanje heg nog baie, baie groot waarde aan die handhawing van Ryksvoorkeur," het die Britse minister van statebondsbetrekkings, Patrick Gordon-Walker, verlede week in Salisbury verklaar. Dit het duidelik geblyk tydens die onlangse wêreldkonferensie oor tariewe en handel in Torquay, het hy gesê. (Die O.B. het 'n paar maande gelede berig dat die konferensie nie geslaagd was nie omdat Brittanje nie van Ryksvoorkeur wou afsien nie. Amerika het dit genoem „die grootste diskriminasie in die wêreldhandel.")**

**Gordon-Walker het voorts verklaar dat die handelsbande van Statebondslande sedert die oorlog verstewig is en dat die Statebond tans die grootste handelsgebied in die wêreld is. Ook Brittanje se ekonomiese konneksie met die res van die Statebond het sterker geword. In 1950 het 43 persent van sy invoer uit die Statebond gekom vergeleke met 37 persent voor die oorlog, terwyl 47 persent van sy uitvoer na die res van die Statebond gegaan het vergeleke met 41 persent voor die oorlog.**

Daar was 'n tyd toe daar in die Suid-Afrikaanse politiek heelwat vonke gespat het oor die vraagstuk van Ryksvoorkeur en die slagkreet „Buy British." Vandag hoor mens niks meer hiervan in Suid-Afrika nie — selfs bovermelde Sapa-berig het nie eens in sommige nasionale koerante verskyn nie. **Dit is van Britse kant ook nie meer nodig dat daar propaganda gemaak hoef te word vir 'n beleid van „Buy British" nie, want die Britse ekonomiese bande gaan van krag tot krag steeds verder.** Brittanje het sy groot imperialisties doel, naamlik ekonomiese uitbuiting van sy ryk, dermate bereik dat die onderworpe volke nie alleen doodtevrede is om hulself aan Brittanje se ekonomiese beleid te onderwerp nie, maar selfs diegene betig wat nog teen Britse voorkeurhandel protesteer, soos 'n paar maande gelede gebeur het toe Die O.B. van Afrikaans-nasionale kant moes deurloop omdat hy beswaar gemaak het teen ons hoë kommissaris in Londen se uitlating dat hy „vooruitsien na 'n steeds toenemende handel" met Brittanje.

### UITSONDERING

Daar is op die oomblik 'n enkele uitsondering, nl. Brits-Honduras, wat net soos die Unie twee jaar gelede gedwing was om agter Brittanje aan sy geld te devalueer, waardeur die ekonomiese bande met Brittanje nog stewiger gemaak is, maar waar die volk tans agtiteer vir verbreking van die Britse konneksie, veral as gevolg van die nadele van devaluasie.

Ten einde seker te maak dat die ekonomiese bande van die Empire steeds stewiger word, is die Britse regering bedrywig met allerlei nuwe metodes en onderhandelings. **Een hiervan is om agter die rookskerm van oorlogsvoorbereiding teen die kommunisme — wie se posisie hy aan die ander kant nog steeds binne die V.V.O. wil versterk — ooreenkomste met Statebondslande te sluit wat hom 'n groter toevoer van grondstowwe sal besorg.** So is daar onlangs na afloop van die verdedigingskonferensie in Londen aangekondig dat die Statebond sy grondstowwe vir oorlogsdoeleindes sal saamgooi.

### STATEBOND HOU BRITTANJE SOLVENT

'n Verdere stap is 'n paar weke gelede aangekondig in verband met die belegging van 'n Empire-konferensie waar Brittanje sal aandring op inkorting van dollar-invoere deur alle Statebondslede. Dit staan in verband met Brittanje se beleid dat die Empire hom van bankrotskap moet red. **So het die Britse minister van finansies in September verlede jaar verklaar dat handel met die Statebond die hoeksteen vorm vir Brittanje se ekonomiese herstel; en Gordon-Walker het in April van dieselfde jaar gesê:**

**„Ons stryd om ekonomiese onafhanklikheid teen 1952 is nie net 'n stryd deur hierdie land nie. Dit is 'n stryd deur die Statebondslande wat lid van die sterlingblok is."**

### BRITSE OOGMERK

Later, in Oktober 1950, het Harold Wilson, Britse minister van finansies, op die wêreldhandelskonferensie gesê dat dit vir Brittanje onmoontlik is om aan handel te dink sonder die Britse Statebond, en daartoe gevoeg dat die onderlinge ekonomiese afhanklikheid van Statebondslande 'n historiese feit is wat sy natuurlike weergawe vind in die Ryksvoorkeurstelsel.

Brittanje is doodtevrede as statebondslande hul naam van „dominium" na „republiek" verander of 'n eie vlag in plek van die Union Jack kry, **solank hulle net binne die Statebond bly en daardeur „die hoeksteen" vorm van Brittanje se ekonomiese lewe en daardeur onder verpligting staan om Brittanje se oorloë te voer.**

# KLEURAPARTHEID BY JODE TEENOOR EIE RASGENOTE

**Terwyl die liberalistiese rigtings in ons land hoofsaaklik deur Jode gepropageer word en die gelykskakeling van alle rasse en kleur een van die hoofdoelwitte van die kommunistiese beweging is, wat by uitstek in ons land onder aanvoering van Jode plaasvind, is dit belangwekkend om te lees tot watter mate Jode self segregasie in hul eie geledere handhaaf.**

Sowel in Afrika as Indië is daar Jode wat swart is. Verlede jaar het die Jewish Herald berig dat die regering van Israel teen die swart Jode in Abessinië diskrimineer deur te weier om hulle tot die land toe te laat. Die regering is deur sekere Joodse leiers skerp aangeval hieroor, maar daar is sedertdien nog nie verneem of die diskriminasie opgehef is nie. Dit is nietemin 'n baie duidelike voorbeeld van amptelike segregasie op grond van kleur—nie eers ras nie.

Verlede week is berig dat die swart Jode van Indië op die punt staan om na Israel te gaan. Daar is beskrywe hoe daar al die eeue teen hierdie swart Jode op sosiale gebied gediskrimineer is. Die Jode van Indië is in drie klasse verdeel —die swart Jode, die bruin Jode en die wit Jode. Die bruines het ontstaan weens ondertrouery in vroeër eeue. Die berig van Sapa-Reuter lui:

„Die verdeling in groepe waaraan deur die eeu sterk gehou is, het veel bitterheid teweeggebring. **Toe 'n swart Jood onlangs met 'n meisie uit die die ryk, invloedryke wit Joodse gemeenskap getrou het—iets wat eeue lank nie gebeur het nie—het 'n maatskaplike opstootjie ontstaan waarvan die gekabbel nou nog nie tot rus gekom het nie.** Dit het ongetwyfeld bygedra tot die besluit om te emigreer. Dit is omtrent net die swart Jode wat besluit het om te gaan . . . Die swart en bruin Jode gaan na Israel met die oortuiging dat hulle daar tussen die Jode van baie lande soos Jode op 'n gelyke voet met almal sal voel."

Blykbaar wag daar vir hulle 'n ontnugtering.

# Oorwinnaars Hou Koers

(vervolg van bladsy 3 kolom 5)

is, is een Amerikaanse offisier gedood. Die Amerikaners het 7 Hitler-jongens en 5 Duitse soldate as gyselaars gearresteer en doodgeskiet.

(Twee vrouens wat aanwesig was, Martha von Bothmer en Getrud Richter).

### ALGEMEEN PLAASGEVIND

In elke dorp en stad in Duitsland is deur die oorwinnaars gyselaars gemaak en baie teregstellings het plaasgevind. Gemiddeld is vir een oorwinnaarsoldaat 10 Duitsers geskiet. In Berlyn was die verhouding 1:50, in sekere gevalle 1:100 en nog meer.

**Die gyselaars dra die name van generaals soos Eisenhower, Leclere, Lattre de Tassigny, Clay en andere.**

Die Engelse generaal Montgomery het in Noord-Afrika baie vroeg met gyselaars begin. Sy bevel aan die leër lui:

**Vir elke dooie soldaat sal ek na besetting van 'n stad 10 Italianers laat doodskiet.**

**Nog in 1947 het generaal Eisenhower uitdruklik die gyselaarsmoord gebillik.**

**Waarom word die moordenaars en die offisiere van die oorwinnaars wat die bevele gegee het om gyselaars te skiet nie voor 'n militêre hof gebring nie?**

Maar ek vra om verskoning; ek het vergeet dat die oorwinnaars besig is om die Duitse volk die antwoord op my vraag deur 'n demokratiese heropvoeding te verduidelik.

# GELEERDE SÊ SIEL KAN NIE BYHOU OP VLIEGTUIG

**Moderne wetenskaplikes glo nog soos Griekse wyshere van meer as tweeduisend jaar gelede dat 'n mens se siel afgesonderd van jou kan raak en jy dan nie by jou „volle positiewe" is nie. Wat meer is, hulle glo dat die snelheid waarmee vliegtuie vandag beweeg te vinnig is vir 'n mens se siel en dat hy op die pad agterbly. Dit is om die rede dat staatsmanne nie behoorlik leiding kan gee wanneer hulle per vliegtuig na konferensies toe vlieg nie!**

Hierdie beweerde verskynsel is 'n paar weke gelede op 'n wetenskaplike kongres in Engeland bespreek toe een wetenskaplike, Ritchie Calder, sy gewaarwording op 'n vlug van New York na Londen beskryf het. Ná die reis moes hy nog eers wag vir sy siel om op te daag. Wat dan glo gebeur is dat die mens se liggaam en gees („mind") saam met die vliegtuig ry, maar dat die derde samestellende deel, die siel, nie kan byhou nie. Hy bly dan agter en mens is aan die einde van die reis verward weens die afwesigheid van jou siel.

Twee ander wetenskaplikes het op hierdie stelling gereageer. 'n Bekende sielkundige, prof. Jung, het verklaar dat dit niks snaaks is om vir jou siel te wag nie, en dat hy nooit mense wat hom per vliegtuig kom raadpleeg spreek voordat 'n week verloop het nie.

In sy toespraak voor die kongres het Calder gesê dat staatsmanne sommer in wêreld-samesprekings spring sonder om eers vir hul siele te wag. Indien hulle eers 'n paar dae sou wag voordat hulle begin konfereer, sal hulle beter resultate bereik.

Hy glo dat vliegtuigloodse wat gereeld oor die Atlantiese Oseaan vlieg, nie deur hierdie verskynsel aangetas word nie, omdat hul siele halfpad op die terugreis vir hulle wag.

## Vrugbare Land Gaan Verlore

Die Ciskei en nog meer die Transkei is van die beste dele van die land en kan geweldig ontwikkel word, het dr. J. H. Moolman, lid van die kommissie wat deur die Regering aangestel is om ondersoek te doen na die beplanning van naturellereservate in die Unie, in 'n personderhoud gesê.

Die gebiede gaan egter onrusbarend agteruit as gevolg van erosie, swak bewerking en ontvolking. Al hoe meer naturelle trek stede toe en die grootste deel van die werk word aan naturellevroue oorgelaat. Die tyd is reeds lank al ryp dat 'n halt aan hierdie toestand geroep moet word en 'n positiewe ontwikkelingsplan opgestel en toegepas word.

DUIDELIKE MERKE MAAK 'N HEMELSBREË VERSKIL




Goed wat duidelik gemerk is—met die geadresseerde en die versender se naam en adres daarop—sal veilig aankom.

Swakkerige adreskaarte is geneig om los te raak: spyker, ryg of maak adreskaarte met draad vas aan besendings.

ADRESSEER EN VERPAK BEHOORLIK

*—ONS SAL DIE GOED AFLEWER*

—en onthou om u vragbriewe te bewaar.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

CP2

# VISIOEN IN 1938 GESIEN

(vervolg van bladsy 1 kolom 3)

nuwe party wat op vriendskap met die O.B. dui nie.

Daar is egter onheilspellende tekens dat die H.N.P. sy vyandskap teen die O.B. glad nie laat vaar het nie.

Dr. Malan, wat deur sy onderleiers ondersteun is, het aan mnr. Havenga as onverbiddelike voorwaarde vir die samesmelting van die A.P. en die H.N.P. gestel dat die uitsluitings-klousule van die ou H.N.P. in die nuwe party opgeneem moet word, waardeur verbied word dat mense wat aan 'n organisasie met 'n politieke strekking behoort by die nuwe party mag aansluit.

### GEEN TWYFEL

Nie alleen dr. Malan self nie, maar ook sy koerante, het geen twyfel gelaat oor die rede waarom aangedring is op die invoeging van die betrokke klousule nie. **Dit is om te verhoed dat lede van die O.B. by die nuwe party aansluit indien hulle binne die nuwe party gaan voortbestaan as 'n O.B.-groep wat sy eie beginsels propageer—beginsels wat uit die aard van die saak in meer as een opsig bots met die beleid van die nuwe party.**

Mnr. Havenga het uiteindelik ingegee, maar klaarblyklik is die toegewings aan hom gedoen dat O.B.-lede wat bereid is om hul politieke identiteit af te lê, lede van die nuwe party mag word.

En daarom het die mnr. Havenga op sy kongres gesê dat lede van die O.B. by die nuwe party mag aansluit mits hulle nie politiek bedryf in hulle organisasie nie. **Dit is egter die dood in die O.B. se pot, want as O.B.-lede nie politiek mag bedryf in hul organisasie nie, beteken dit dat hulle nie hulle O.B.-beginsels mag propageer nie.** Dan lê hulle nie alleen hulle politieke identiteit af nie, maar ook hulle O.B.-identiteit. En dan is daar mos vanselfsprekend geen gevaar dat sodanige „ontklede" O.B.-lede 'n O.B.-groep binne die nuwe party sal vorm nie.

### VRAE GESTEL

Om dubbel seker te maak het ek op die jongste A.P.-kongres aan mnr. Havenga gevra of O.B.-lede wat by die nuwe party aansluit die reg behou om propaganda te maak vir 'n republiek buitekant die Britse Empire, teen politieke partye, vir die republikeinse konsepgrondwet (wat dr. Malan reeds verwerp het) vir beroepsverteenwoordiging, ens., en mnr. Havenga het aan my gesê: „Die vriend kan propaganda maak vir enigiets, solank dit nie bots met die beleid van die party nie, want dan sal hy op die gewone manier te doen kry met die party dissipline."

Dit is vir my derhalwe heeltemal duidelik dat die H.N.P. se uitsluitingsklousule in die nuwe party opgeneem is, nie soseer om O.B.-lede te belet om lede van die party te word nie, maar boweal om hulle te ontklee van hulle O.B.-skap sodra hulle lid van die party word.

Daarom wil ek aan die leiers van die nuwe party 'n paar vrae stel wat hulle gerus openhartig kan beantwoord:

### VRAE

(1) **Is dit u bedoeling dat lede van die O.B. wat by die nuwe party aansluit moet ophou om lede van die O.B. te wees?**

(2) Indien dit u bedoeling is, waarom sê u nie so nie?

(3) Indien dit nie u bedoeling is nie waarom stel u dan die onmoontlike eis dat O.B.-lede wat by die nuwe party aansluit nie politiek in hul organisasie mag voer nie en nie beginsels mag verkondig wat bots met die beleid van u politieke party nie?

(4) **En voorts, as dit nie u bedoeling is nie, hoe wil u dan verhoed dat die O.B.-lede wat by die nuwe party aansluit, en wat lede van die O.B. bly, 'n O.B.-groep binne die party sal vorm?**

(5) Is u nog altyd vyande van die O.B. wat sy dood verlang? Of het u nou vriende van die O.B. geword wat begeer dat hy moet voortbestaan as republikeinse volksbeweging?

**Ek vra aan die leiers van die nuwe party om nie „slim" te wees nie, maar om openhartige antwoord op hierdie vrae te gee.**

### KOERS VAN DIE O.B.

As u vir my vanmiddag vra: Wat gaan van die O.B. word? Dan sê ek vir u dat die lede van die O.B. reeds in hulle harte die toekoms van die O.B. bepaal het.

Ek sal vir u daardie koers probeer aandui.

Vir meer as veertig jaar het die Afrikanervolk die verdeeldheid, die magteloosheid en die verydeling van politieke partye ondervind en daarbenewens die onsmaaklike uitoorlêery terwille van selfsugtige eiebelang van die partypolitici ervaar. **En minstens ons in die O.B. het siek en sat geword daarvan. Ons wil wegkom van die politieke partye af en nie terugkeer na 'n euwel waarmee ons innerlik gebreek het nie.**

En in besonder wil ek verklaar dat diegene van ons in die O.B. wat ons laat oorreed het om die „Afrikanerparty-eksperiment" uit te toets, en wat as gevolg daarvan vir 'n hele tyd lank weer met die partypolitiek te doen gekry het, vandag meer oortuig voel as ooit tevore dat die regte koers van die O.B. is: weg van die politieke partye af en nie terug na die politieke partye toe nie.

Weg van die politieke partye af, maar waarheen?

### VISIOEN VAN 1938

**Ek wil u herinner aan die mooi visioen wat ons volk in 1938 gesien het. Rondom die ossewaentjies het ons volk in die toekoms gebliк en 'n visioen gesien van ons republikeinse bestemming, buitekant die partypolitiek.**

**Daardie visioen het die volk aan die O.B. toevertrou. En die pad van die O.B. lei na daardie visioen. Dit is ons rigsnoer.**

En ons bestemming is reeds vasgelê:

**„Die staat moet waarlik republikeins vry wees;" nie 'n republiek wees binnekant die Britse Statebond nie.**

**„Die staatstelsel mag nie op vreemde model geskoei wees nie"; nie die Britse partystelsel wees nie.**

**„Diepgaande maatskaplike en ekonomiese hervormings moet onderneem word; daar moet weggebreek word van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend."**

**„Daar moet 'n kragtige landsregering wees, gebou op die begrippe van volksregering van die Suid-Afrikaanse Republieke . . . "**

**Ek wil dit beklemtoon dat geeneen van die politieke partye hierdie ideale kan of sal verwesenlik nie. Nie die Verenigde Party nie en ook nie die Nasionale Party nie. Die O.B. sal self daarvoor moet veg—anders sal die O.B. sterf en die ideale saam met hom.**

**As u trou is en u plig doen dan gaan die O.B. egter eenvoudig voort na die republiek van ons bestemming.**

$ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Groot Taak Voor

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

wat net op fees- en vakansiedae te voorskyn gehaal word om dan weer as museumstuk veilig weggebêre te word! **Sal die O.B.-lid van die Nasionale Party meer geleentheid hê om hom daadwerklik vir die republiek te beywer as die lid van die H.N.P. in die verlede?**

### NOU TYD VIR VRAE

Dit is vrae wat baie O.B.-lede hulself in alle erns en in goeie trou afvra. Dit is ook hul goeie reg om nou die vrae te stel, later kan te laat wees. Gaan O.B.-lede binne en O.B.-lede buite die Nasionale Party nog hul onderlinge goeie verhouding en samewerking soos in die verlede handhaaf? Ons hoop dit van harte. Dit sou tog te ironies wees as daar by hierdie stadium onenigheid in eie kring moes ontstaan, en dit ter wille van 'n party.

Moet die O.B. dan nie liewer ontbind word nie? Daarteen kon geen beswaar bestaan nie mits sy taak as afgedaan beskou kan word. Is dit egter die geval? Gaan die nuwe Nasionale Party dit oorneem? Ek glo nie. **Al sou die O.B. môre ontbind word, die O.B.-gedagte sou bly voortbestaan en die volksgewete op die duur so beswaar dat dit vroeër of later weer vorm gaan aanneem, miskien met die hele onverkwiklike stryd van voor af aan.**

### MOET VOORTBESTAAN

**Die O.B. moet bly voortbestaan.** Maar dan in 'n nuwe vorm, of liewer in 'n hervormde gedaante. In die eerste plek met aflegging van alle skyn selfs van mededinging op partypolitieke terrein. Daar mag bv. geen sprake wees van eie kandidate vir 'n verkiesing stel nie. In die tweede plek met vermyding van enige persoonlike aanvalle teen nasionale leiers. Sy stryd moet konsekwent positief prinsipieel wees. Nie alleen sal hy dan die band met O.B.-lede in die Party behou nie, maar is die moontlikheid nie uitgesluit dat hy selfs onder partylede rekrute vir sy organisasie kan werf nie. **Waar propaganda vir die republiek moeilik binne die party kan geskied, bied die O.B. dan ruim geleentheid aan alle republikeine om vir die doel saam te werk.** Langs watter weg?

### REPUBLIKEINSE BLAD

**Allereers en hoofsaaklik deur middel van sy blad — die enigste onafhanklike en uitgesproke republikeinse orgaan in die land. Selfs waar die blad van tyd tot tyd kritiek teenoor regering of party laat hoor, kan opbouende kritiek van bevriende sy slegs verwelkom word. Vanselfsprekend is 'n partyorgaan selde daartoe in staat. Dit sal dus nodig wees dat die O.B. 'n stewige fonds opbou om die bestaan en uitbreiding van sy blad te verseker.** Miskien kan dit in vervolg „Die Republikein" heet?

In die tweede plek sal die organisasie heeltemal hervorm moet word. Die O.B. moet meer die aard van 'n Bond aanneem wat hom veral toelê op die bestudering van die vorm wat die aanstaande republiek moet aanneem, die propagering daarvan en die behandeling van huidige poltieke vraagstukke en toestande in die lig van ons republikeinse ideaal.

**Die O.B. kan nie, mag nie en sal nie sterf nie.**

## Wetenskaplike Voorspelling

Die voorspelling dat teen die end van die eeu steenkool ondergronds omskep sal word tot gas in plaas van uitgegrawe te word, dat krag verwek sal word uit die strale van die son en dat alkoholiese dranke op kunsmatige wyse berei sal word, is gedoen deur die atoomdeskundige dr. James Conant van die V.S.A. Hy het dit as sy mening uitgespreek dat daar geen atoomoorlog hierdie eeu sal wees nie.

## V.P. Verwelkom Groepe

'n Mosie waarin organisasies verwelkom word wat wil help om die Regering se „skending van die grondwet" te beveg, is verlede week deur die Verenigde Party-kongres in Durban aangeneem.

Hierdie beleid van die V.P. staan in regstreekse teenstelling met dié wat dr. Malan op sy kongresse die afgelope twee weke aangekondig het waarin alle groepe in nasionale geledere veroordeel word as synde „'n slang in die paradys" wat doodgemaak moet word.

# PROF. E. E. VAN ROOYEN OORLEDE

**Prof. dr. E. E. van Rooyen, wat dertig jaar lank aan die Kweekskool op Stellenbosch verbonde was en verlede jaar afgetree het, is op 12 September plotseling oorlede op Oudtshoorn — sy geboortedorp waar hy hom in die aand van sy lewe gaan vestig het. Hy was 66 jaar oud.**

In prof. Van Rooyen verloor ons volk een van daardie rotsvaste geeste wat weet waarheen hulle wil omdat hulle met albei voete staan op die vaste grond van geloof en beginsel. In sy lewe het hy arbeid verrig wat sal voortbestaan solank daar 'n Afrikaner volk is. Hy het dan ook altyd naby sy volk gelewe en dit is ook as 'n vriend van die Ossewabrandwag dat O.B.-lede met groot waardering aan hom sal terugdink. Selde het hy in Kaapstad gekom sonder om eers 'n besoek by ons blad af te lê — besoeke wat altyd weer besielend ingewerk het.

Prof. Van Rooyen het op Stellenbosch en aan die Vrije Universiteit van Amsterdam studeer. In 1920 het hy professor aan die Kweekskool geword en was saam met dr. J. D. du Toit (Totius) verantwoordelik vir die vertaling van die Ou Testament. Tot kort voor sy dood was hy nog besig aan die hersiene Bybelvertaling. Hy was ook sewentien jaar lank redakteur van Die Gereformeerde Vaandel. Op die oomblik is daar 'n omvattende werk van hom oor die Rooms-Katolisisme in die pers.

Die O.B. se meegevoel gaan uit na sy eggenote en familie.




## NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

## BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.